Elke tree skets 'n
verhaal waar ons was en
waarheen ons mag gaan.
Ons kyk terug en is Dankbaar.
Ons kyk vooruit en is Hoopvol.
Ons kyk boontoe en is Gerus.
Ons gaan op ons knieë en sê:
DANKIE HEER vir alles wat ons
het en die kosbare mense
in ons lewe.



ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 26 AUGUSTUS 2018**

*"Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe" (Kolossense 3:13)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir die Blommekomitee.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 10 vergader 10:30 in die kerksaal. Gr 9 en 11 vergader soos deur die dominee gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**NAGMAAL:** Om 09:00 in kerkgebou (ds André), Vleesbaai om 09:00 (ds Robert) en Santos Haven om 09:00 (ds Danie).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Instituut vir Dowes.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 10 vergader 11:00 in die kerksaal. Gr 9 en 11 vergader soos deur die dominee gereël.

## LENTE-DANKFEES 2018

Ons Lentedankfees is **Vrydag vanaf 17:00** in die kerksaal. Maar onthou die teetuin is reeds vanaf 10:00 oop! Kom geniet 'n lekker koppie koffie of tee saam met 'n lekkerny en kuier lekker saam. Die teetuin sluit as die basaar klaar is. Die dankfees is die een groot kuiergeleentheid in ons gemeente. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamkuier en allerlei lekkernye te geniet. Daar is ook heerlike etes, lekker basaarpoeding, pannekoek en 'n opwindende kindertafel. Bring u vriende en familie en kom geniet 'n ware fees!



## BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*

*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** September is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir Alta du Toitskool was R3173-30.

**BEWYSE ONTVANG:** Daniël W Cronje en Catherina WM Cronje (Maroelastr) vanaf Rondekerk Secunda. Willem J Janse van Rensburg en Christina A Janse van Rensburg—doop, Lindie-Mari Janse van Rensburg (Boggomsbaai) vanaf Albertinia. Hartlik welkom!

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**PITLOSE ROSYNE:** Te koop by die kerkkantoor @ R25/500g en R50/kg.

**70 PLUSSERS TEE:** Vind plaas op 19 September om 15:00. Ons benodig gasvrouens. Indien u bereid is om te help, kontak die kerkkantoor.

**VLEISTAFEL:**
Ons benodig nog kontant donasies om die vleis te kan betaal.
Vleiswerk Maandag en Dinsdag (vanaf 8:30) in die kerksaal. Bring skerp messe saam.
Worsverkope Dinsdag vanaf 11:00.

**BENODIG:** Een van ons lidmate moes verlede week Ons Huis (ouetehuis) toe gaan. Sy benodig 'n karavaan tipe yskassie. As iemand weet van een (te koop, indien nodig), skakel asb die kerkkantoor.

**HELP ASB:** Ouers soek vir 'n gr 8-seun losies teen betaling. Verkieslik naby Curro. As u kan help, skakel ds Danie by 084 701 4386.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

**Ds Danie:** Maandag 15:00 (Santos 2 sitkamer) en Dinsdag 09:30 in die kerk.
**Ds Robert:** Dinsdag 09:00 te 17de Laan 18 en 19:00 Tienie Bothastr 3. Donderdag 09:00 Vleesbaai/Rietvlei.
**Ds André:** Dinsdag om 09:30 in die saal. Woensdag selgroep om 18:30 te Boekenhoutstr 8.
**Dinsdag:** Geen gebedsbyeenkoms.
**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1
**Donderdag:** Manne bid om 06:00 in die saal.
**Vrydag:** Teetuin 10:00
Dankfees 17:00 in die kerksaal.





## GEBEDSBULLETIN

**Tema vir Augustus: ONS VERSOEKINGE**
*"Laat ons nie in die versoeking kom nie….."*

**Hierdie week se GEBED EN SMEKING:**
* Herlewing - in elkeen van ons se lewe (sondebesef en nuwe toewyding).
* Oop oë om daaglikse versoekings te herken.
* Tyd vir God in ons besige skedules.
* Dankfees.
* Hofsaak: rakende selfdegeslag-verhoudinge teen die NG Kerk. Uitspraak is voorbehou. Dra die proses aan die Here op asb.
* Siekes wat hoop verloor het.
* Die ingesteldheid om te hoor wat God vir sy kinders sê.
* Onsekerheid tov landsake; 2019 verkiesing.
* Droogte - vertrou die Here vir uitkoms in ons distrik asook in Port Elizabeth (OosKaap).

**Hierdie week se DANKSEGGING:**
* Lees 1 Kor 10:13 en dank die Here daarvoor.
* Augustus is Barmhartigheidsmaand in die kerk. Loof die Here vir kinderhuise, versorgingsoorde, dienssentrums, rehabilitasie, maatskaplike werk.
* Lidmate se diensbaarheid in bedieninge (soos die Blommekomitee).
* Lidmate se toewyding en offervaardigheid (Dankfees).
* Sagte reën wat geval het.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Fynbosrand se siekeboeg, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Anita Steyn De Bosse
Dennis Viljoen Santos Haven
Helen Jooste Golflandgoed
Jan van der Merwe Hartenzicht
Jose Beneke Con vd Wattstr
Annelien Booysen Vleesbaai

